



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 10

EKONOMIE

NOVEMBER 2006

Hierdie memorandum bestaan uit 28 bladsye.

AFDELING A

EKONOMIE

GRAAD 10

AFDELING A	ANTWOORDBLAD
-------------------	---------------------

NAAM:

1.1.1	A	B	C	✓✓
1.1.2	A	B	C	✓✓
1.1.3	A	B	C	✓✓
1.1.4	A	B	C	✓✓
1.1.5	A	B	C	✓✓
1.1.6	A	B	C	✓✓
1.1.7	A	B	C	✓✓
1.1.8	A	B	C	✓✓
1.1.9	A	B	C	✓✓
1.1.10	A	B	C	✓✓
1.1.11	A	B	C	✓✓
1.1.12	A	B	C	✓✓

24

1.2.1	normatief✓✓
1.2.2	inspuiting✓✓
1.2.3	Reserwe- bank✓✓
1.2.4	afname✓✓
1.2.5	afgeleide✓✓

10

1.3.1	H✓✓
1.3.2	F✓✓
1.3.3	I✓✓
1.3.4	A✓✓
1.3.5	G✓✓
1.3.6	C✓✓
1.3.7	B✓✓
1.3.8	E✓✓

16

50

AFDELING B**VRAAG 2****2.1 Antwoord die volgende vrae toepaslik**

Vul die ontbrekende woord(e) in:

- 2.1.1 ekonometrie ✓✓
- 2.1.2 skaarsheid ✓✓
- 2.1.3 verbruikers ✓✓
- 2.1.4 ekonomiese aanwysers ✓✓

4 x 2 (8)

2.1.5 Noem DRIE vorme van lekkasies.

- (a) Spare ✓✓
- (b) Belasting ✓✓
- (c) Invoerbesteding ✓✓

3 x 2 (6)

[14]

2.2 Data-respons

- 2.2.1 A – B Voorspoed- ✓✓
- B – C Resessie ✓✓
- C – D Depressie ✓✓
- D – E Herstel ✓✓
- D – Trog ✓✓

5 x 2 (10)

- 2.2.2 Sakesiklus ✓✓

(2)

- 2.2.3 **J** - Inspuiting ✓✓
- I** - Investering ✓✓
- G** - Owerheidsbesteding ✓✓
- X** - Besteding op uitvoere ✓✓

4 x 2 (8)

[20]

2.3 Verduidelik die DRIE hoofgroepe van produksie.

Primêre produksie ✓✓

Nywerhede in primêre sektor ontgin basiese grondstowwe uit die natuur. ✓✓
Voorbeelde: landbou, mynbou, steengroefwerk, olie-ontginning en steen-groewe. ✓✓

Primêre sektor-bydrae tot BBP – kleinste van drie sektore in Suid-Afrika. ✓✓

Sekondêre nywerhede ✓✓

Dit is vervaardigingsbedrywe. ✓✓

Hulle produseer produkte van primêre nywerhede soos landbou, mynbou en seevisserye tot halfklaar- en klaarpdoukte ✓✓

Voorbeelde: elektrisiteit, konstruksie, vervaardiging ✓✓

Sekondêre sektor dra meer as dubbel dié van primêre sektor by ✓✓

Tersiêre sektor ✓✓

Dit is die dienstebedrywe. ✓✓

Voorbeelde: groothandel, kleinhandel, spyseniering, vervoer, kommunikasie, finansiële dienste, versekering ✓✓

Dienste kan ook geklassifiseer word as kommersieel, professioneel en publieke dienste ✓✓

Maks [16]

/50/

VRAAG 3**3.1 Beantwoord die volgende vrae toepaslik.**

Vul die ontbrekende woord(e) in:

- 3.1.1 grensnut ✓✓
 3.1.2 begrotingslyn / verbruiksmoontlikheidskurwe / begrotingsbeperking ✓✓
 3.1.3 subsidie ✓✓
 3.1.4 verandering in vraag / toename en afname in vraag ✓✓ 4 x 2 (8)

3.1.5 Noem enige DRIE faktore wat die aanbod van goedere beïnvloed

- Die prys wat verbruikers bereid is om te betaal ✓✓
- Die prys wat verbruikers bereid is om te betaal vir ander goedere ✓✓
- Die koste van produksie ✓✓
- Tegnologie ✓✓
- Die aantal verkopers ✓✓
- Verwagtinge van verskaffers ✓✓
- Klimaatstoestand ✓✓

Enige 3 x 2 (6)

[14]

3.2 Data-respons

3.2.1 Produksiemoontlikheidskromme ✓✓
 Produksiemoontlikheidskurwe is 'n diagram wat aantoon watter kombinasie van 2 verskillende goedere geproduseer kan word, gegewe die beperkte beskikbaarheid van produksiefaktore. ✓✓ 2 x 2 (4)

3.2.2 Toename in hoeveelheid botter en brood en botter geproduseer. ✓✓
 Verbetering in produksietegnieke ✓✓
 Tegnologiese vordering ✓✓
 Verbeterde motivering van werkers ✓✓ 4 x 2 (8)

3.2.3 Noem enige DRIE eienskappe van 'n moontlikheidskromme

Enige 3 x 2 (6)


3.2.4 Grafiek A ✓✓ (2)

[20]

3.3 Verduidelik prysvorming in volmaakte marktoestande, met die hulp van 'n benoemde grafiek.

Vraag en aanbod is die kragte, wat die prys op die mark bepaal. ✓✓

Die prysvlak waar vraag en aanbod mekaar kruis, staan bekend as die ewewigsprys ✓✓



Punt E is die ewewigspunt waar hoeveelheid gevra gelyk is aan die hoeveelheid aangebied – daar is geen ander kragte wat inwerk op die prys nie ✓✓

OP is die ewewigsprys en OQ is die ewewigshoeveelheid. ✓✓

By punt E is daar geen surplus of tekort aan goedere nie ✓✓

Teen enige prys hoër as die ewewigsprys, werk kragte in om die prys te verminder. ✓✓

Teen enige prys laer as ewewigsprys, werk kragte in om die prys te verhoog. ✓✓

Hierdie ewewigsprys staan ook bekend as die markprys ✓✓

'n Mark-oorskot - surplusaanbod

Kom voor wanneer daar 'n ooraanbod van 'n goed op die mark is ✓✓

In die bg. Figuur word dit aangedui as df en die oorskot is Q1 Q2. ✓✓

Produsente sal prys verlaag om ontslae te raak van al die goedere aangebied. ✓✓

'n Marktekort / oorskotvraag

Kom voor waar die hoeveelheid gevra van 'n goed die hoeveelheid aangebied oorskrei ✓✓

In die bg. figuur word dit aangedui deur b c en die tekort is Q3 Q4. ✓✓

Verbruikers is gewillig om meer te betaal en aanbieders verhoog dus die aanbod as die prys toeneem – en bereik so weer ewewig. ✓✓

Maks [16] /50/

VRAAG 4**4.1 Beantwoord die volgende vrae toepaslik**

Vul die ontbrekende woord(e) in:

- 4.1.1 ontwikkelende ✓✓
- 4.1.2 globalisering ✓✓
- 4.1.3 sentralisasie ✓✓
- 4.1.4 wettige betaalmiddel ✓✓

4 x 2 (8)

4.1.5 Noem enige DRIE ekonomiese gevolge van nywerheidsontwikkeling.

- (a) Ontwikkeling van markeconomie. ✓✓
- (b) Ontwikkeling van vervoer. ✓✓
- (c) Ontwikkeling van kommunikasie ✓✓
- (d) Verstedeliking ✓✓✓
- (e) Groter werkskepping ✓✓

Enige 3 x 2 (6)

[14]

4.2 Data-respons

- 4.2.1 Landbou-Veeteelt ✓✓ (2)
- 4.2.2 Khoikhoi ✓✓ en San ✓✓ 2 x 2 (4)
- 4.2.3 Jag ✓✓ en versameling van kos ✓✓ 2 x 2 (4)
- 4.2.4 Skeepvaart ✓✓
Handeldryf ✓✓
Infrastruktuur. ✓✓ 3 x 2 (6)
- 4.2.5 Binnelandse markte aangemoedig ✓✓
Vervoer: paaie is gebou en padbouprogramme begin. ✓✓
Kommunikasie: posstelsel ontwikkel – telegraaflyne opgerig in Kaap ✓✓
Enige 2 x 2 (4)

[20]

4.3 Bespreek die trefkrag van die ontwikkeling van diamante op die Suid-Afrikaanse ekonomie

Duisende mense van regoor die wêreld immigrer na Suid-Afrika. ✓✓
Immigrante was opgelei as ambagsmanne, mynwerkers, skrynwerkers en ander
geskoolde arbeiders ✓✓

Invloei van kapitaal ✓✓

Kapitaal was in die vorm van geld, myn- en vervoertoerusting. ✓✓

Ontwikkeling van spoorweë ✓✓

Die ontwikkeling van spoorweë bevoordeel mynboumaatskappye en boere. ✓✓

Toenemende vraag na landbouprodukte ✓✓

Ontwikkeling van kommunikasiestelsel ✓✓

Die ontwikkeling van die telegraaf, telegram en posstelsel lei tot vinniger kontak
tussen mense nasionaal en internasionaal ✓✓

Toename in werksgeleenthede ✓✓

Die ontwikkeling van diamantmyne lei tot die stigting van die trekarbeid-stelsel. ✓✓

Maks[16]

/50/

VRAAG 5**5.1 Beantwoord die volgende vrae toepaslik**

Vul die ontbrekende woord(e) in:

- 5.1.1 onderindiensname ✓✓
 5.1.2 Arbeidsmag-deelnamekoers / AMDK ✓✓
 5.1.3 Nedlac / Nasionale ekonomiese, ontwikkelings- en arbeidsraad ✓✓
 5.1.4 produktiwiteit ✓✓

4 x 2 (8)

5.1.5 Noem enige DRIE faktore wat 'n toename in aanbod sal veroorsaak

- 'n Toename in die vlak van verbruikersinkome ✓✓
- 'n Styging in die prys van substituuigoedere ✓✓
- 'n Afname in die prys van komplementêre goedere ✓✓
- 'n Toename in die bevolkingsgrootte ✓✓
- Toenemende begeertes van verbruikers bv. Advertensies, modes, verbruikersmake en voorkeure en klimaatstoestande.. ✓✓

Enige 3x2 (6)
[14]

5.2 Data response

5.2.1 Armoede / HIV/VIGS ✓✓ (2)

5.2.2 Mense van Afrika / Afrikane ✓✓ (2)

5.2.3 Werkloosheid ✓✓
 HIV/VIGS ✓✓
 Tekort aan vaardighede ✓✓
 Armoede ✓✓
 Hoë misdaadkoers ✓✓ Enige 3 x 2 (6)

5.2.4 Ekonomies gemarginaliseerde groepe is mense wat dit moeilik vind om toegang te verkry tot werksgeleenthede/ekonomies benadeeldes. ✓✓
 Sou hulle wel indiensgeneem word is hulle die eerste wat geaffekteer word tydens 'n ekonomiese afswaai. ✓✓
 Voorbeelde van ekonomiese gemarginaliseerde groepe is landelike groepe, vroue, ou mense en kinders wat vroeg skool verlaat. ✓✓
 In 'n internasionale konteks is vlugteling 'n baie goeie voorbeeld van 'n gemarginaliseerde groep mense. ✓✓

Enige 3 x 2 (6)

5.2.5 Vrywillige werkloosheid en gedwonge werkloosheid (4)

5.3 Identifiseer en bespreek die faktore wat die aanbod van arbeid in Suid-Afrika beïnvloed.

Die aanbod van arbeid word deur die volgende beïnvloed:

Die bevolkingsgroeikoers ✓✓

Die arbeidsmag in Suid-Afrika maak ongeveer een derde uit van die totale populasie. ✓✓

Dit groei min of meer teen dieselfde koers as wat die bevolking groei. ✓✓

Arbeidsmag-deelnamekoers (AMDK) ✓✓

Die mate waarin arbeid van werkseleenthede gebruik maak word deur die Arbeidsmag-deelnamekoers uitgedruk. ✓✓.

Die getal vroue wat werk, het oor die onlangse dekades aansienlik toegeneem. ✓✓

Vaardighede en ander bekwaamhede ✓✓

Alle werkers in die totale arbeidsaanbod (TA) kan moontlik nie die vaardighede en ander bekwaamhede hê wat deur die ekonomie van die dag vereis word nie. ✓✓

Bv. Indien vervaardigingsvaardighede vereis word, is tikvaardighede onvoldoende. ✓✓

Migrasie ✓✓

Die beweging van arbeid van een streek na 'n ander streek, of van een land na 'n ander land is 'n belangrike rede vir 'n verandering in die aanbod van arbeid. ✓✓

Enige 4x4 [16]

/50/

VRAAG 6**6.1 Beantwoord die volgende vrae toepaslik**

Vul die ontbrekende woord(e) in :

- 6.1.1 Wet op Billike Indiensneming ✓✓
 6.1.2 KKMA / Kommissie vir Konsilliasie , Mediasie en Arbitrasie. ✓✓
 6.1.3 WVF / Werkloosheidsversekeringsfonds ✓✓
 6.1.4 lone / salarisse ✓✓

4 x 2 (8)

6.1.5 Noem enige DRIE funksies van markte.

- Markte bring die kopers en verkopers by mekaar. ✓✓
- Markte lei tot die doeltreffende allokasie van hulpbronne. ✓✓
- Markte is selfregulerend. ✓✓
- Markte bepaal pryse ✓✓

Enige 3 x 2 (6)

[14]

6.2 Data response


- 6.2.1 50 ✓✓ (2)
 6.2.2 $90 - 50 = 40$ ✓✓ (2)
 6.2.3 $140 + 10$ ✓✓ = 150 ✓✓ (4)

6.2.4 Die neiging van grensnut is om af te neem soos meer eenhede van 'n bepaalde goed gebruik word, en staan as dalende grensnut bekend. ✓✓
 Met die verbruik van die eerste blikkie Coke-Cola verkry hy/sy 50 grensnut eenhede. ✓✓
 Met die verbruik van die tweede blikkie ontvang die persoon 40 grensnut eenhede. ✓✓
 Soos wat die verbruiker voortgaan om blikkies Coke-Cola te verbruik neem die grensnut af van 40 na 30 na 20. ✓✓

Enige 3 x 2 (6)

6.2.5 Trek 'n duidelik-benoemde grensnutgrafiek.

[20]



Maks(6)

6.3 Verduidelik in detail "seisoens-en sikliese werkloosheid".

▪ Seisoenswerkloosheid

Mense wat gedurende piektydperke werk en in ander tye werkloos is staan as seisoenswerkloosheid bekend. ✓✓

Seisoenswerkloosheid word deur normale en verwagte veranderinge in die ekonomiese aktiwiteite in die loop van die jaar veroorsaak. ✓✓

Indiensneming en werkloosheid hang van seisoene af.

Voorbeeld : werkloosheid in die landbousektor. ✓✓

Seisoenswerkloosheid verskyn en verdwyn op 'n gereelde en voorspelbare basis slegs 'n klein persentasie word deur hierdie tipe werkloosheid geraak. ✓✓

4 x 2 (8)

▪ Sikliese werkloosheid

Sikliese werkloosheid kom voor as gevolg van 'n gebrek aan vraag na arbeid gedurende die afswaifase van die sakesiklus. ✓✓

Gedurende hierdie tydperk is die totale vraag laag en is daar gevolglik 'n verminderde vraag na arbeid. ✓✓

Selfs bestaande werkers kan hul poste deur uitdienstelling verloor. ✓✓

Sikliese werkloosheid is nie die gevolg van die onvermoë of ondoeltreffendheid van individue om te werk nie. ✓✓

Werkers kan gewoonlik na 'n kort periode weer terugkeer tot die Arbeidsmark. ✓✓

4 x 2 (8)

[16]

/50/

VRAAG 9

Bespreek die demografiese siklus van Suid-Afrika waarna jy 'n nota skrywe oor die invloed van alle relevante faktore wat 'n invloed uitoefen op die grootte van ons bevolking.

Inleiding :

Demografiste identifiseer 'n demografiese siklus , as 'n wetenskaplike analise van die geskiedenis van bevolkingsgroei.

'n Siklus toon verandering in die natuurlike groei oor 'n tydperk.


Is die studie van 'n bevolking insluitende die grootte en verandering oor 'n tydperk.

Maks (2)

Bespreking / Liggaam :

Die volgende verteenwoordig die demografiese siklus van Suid-Afrika :

NATUURLIKE
POPULASIE GROEI



S = SWARTES K = KLEURLINGE I = INDIERS B = BLANKES

Maks (6)

Die siklus bestaan uit VYF verskillende fases :**Fase 1. (statiese fase)**

Gedurende hierdie fase is daar geen geboortebeperking en die geboortesyfer is baie hoog. Die gemeenskap is arm en daar is 'n gebrek aan mediese fasiliteite en mediese sorg. Die sterftesyfer is ook baie hoog en die gemiddelde ouderdom van die bevolking laag. Dit staan as 'n jong bevolking bekend. Die natuurlike groeikoers is gedurende hierdie stadium is laag. Maks3x2 (6)

Fase 2. (premoderne stadium)

Gedurende hierdie fase word geen geboortebepelings en gesinsbeplanning be-oefen nie en die geboortesyfer bly hoog. Aangesien lewensomstandihede verbeter, neem sterftes van moeders en babas af en mense leef tot 'n ouer gemiddelde ouderdom. Om hierdie redes is die natuurlike groeikoers hoer as gedurende die eerste fase van die siklus. Die gemiddelde ouderdom van die bevolking begin styg. Maks 3x2 (6)

Fase 3. (moderne stadium)

Hierdie fase het twee dele : In die eerste gedeelte styg die inkomste en lewenstandaard vir 'n groot deel van die bevolking. Dit lei tot maatskaplike ontwikkeling, en die aanvaarding van nuwe waardes deur families veroorsaak 'n daling in geboortes. 'n Daling in sterftes vind egter teen 'n vinniger tempo plaas en verseker dat die natuurlike aanwas koers hoog is. In die tweede gedeelte van die fase daal die geboortekoers vinniger as die sterftekoers en die natuurlike groeikoers begin daal. Daar kan aangevoer word dat swartmense in Suid-Afrika in die tweede gedeelte van die fase is. Maks 3x2 (6)

Fase 4. (modern statiese fase)

Gedurende hierdie fase daal die geboortekoers vinnig. Mense besef dat hul lewenstandaard aansienlik verhoog kan word indien hulle minder kinders het. Gesinsbeplanning word algemeen aanvaar deur 'n groter aantal gesinne en die natuurlik bevolkingsgroeikoers daal. Mediese sorg en dienste word bekostigbaar en die sterftesyfers daal dus ook. Die kleurlingbevolking in Suid-Afrika is in die eerste gedeelte van die fase. Die Idiër/Asiatiese bevolking is reeds 'n aantal jare lank in die fase. Hul sterftekoers is die laagste van al die bevolkingsgroepe, maar hul geboortekoers het nog nie genoegsaam gedaal om hulle in die vyfde fase van die siklus te plaas nie. Maks 3x2 (6)

Fase 5. (Poststatiese fase)

Gedurende die laaste fase is die natuurlike groeikoers laag en begin dit uitplat.

Die geboorte en sterftekoers is laag.

Die gemiddelde ouderdom van die bevolking styg. Sulke bevolkings staan as ou bevolkings bekend.

Witmense in Suid-Afrika blyk aan die begin van hierdie fase te wees.

Hulle het egter nog nie ten volle in die fase in beweeg nie, aangesien geboortes en sterftes steeds hoog is vergeleke met sommige Europese lande s'n. Maks 3x2 (6)

Gevolgtrekking:

Die natuurlike groeikoers van 'n bevolking daal gewoonlik wanneer die lewenstandaard van daardie bevolking styg.

Die omgekeerde is ook waar: Die lewenstandaard van mense kan slegs verbeter word indien die natuurlike groei van die bevolking beperk word. Maks (2)

NOTA:

Verwys na die inligting in die vraag :

Die volgende faktore sal 'n invloed uitoefen op die grootte van die bevolking :

Migrasie - Syfers toon dat daar meer mense die land verlaat as wat die land binnekom.

Immigrasie – Dui die invloei van mense na 'n land..

Geskoolde arbeid / Trekarbeiders / Onwettige immigrante

Emigrasie - Inwoners van Suid-Afrika is vry om te emigreer.

Die wat wel emigreer is hoofsaaklik professionele mense met 'n hoë vlak van tegniese vaardighede. Die verliese aan sulke mense deur emigrasie word "brain drein" genoem.

Natuurlike bevolkingsgroei – Vind plaas wanneer die geboortekoers groter is as die sterftekoers.

Mortality rate – HIV/AIDS , standard of living/redistribution of wealth/income

Birth rate/Fertility – Standard of living / tradition/ family planning/ level of education

Maks (10)

Gebruik die volgende assesserings rubriek saam met bogenoemde om die kandidaat se nota te assesseeer :

Kategorieë	Punte
Is die leerder se nota goed gestruktureerd?	2
Is die aanbieding van die nota leesbaar en netjies?	2
Word die onderwerp naamlik die faktore wat die bevolkingsgrootte duidelik in die nota aangespreek.?	2
Het die kandidaat die feite logies aangebied sodat 'n gevolgtrekking gemaak kan word?	2
Was die leerder vaardig met die gebruik van vak terminologie?	2

(10)
[50]

VRAAG 7

“In ekonomie hou alles verband met mekaar, meeste van die tyd op meer as een manier.”

Anoniem

Skryf 'n opstel oor die ekonomiese kringloop in 'n oop ekonomie. Gebruik 'n diagram om jou antwoord te motiveer. /50/

INLEIDING

- Alle ekonomieë is ingewikkelde sisteme, waarin daar baie verkillende kragte bestaan wat 'n invloed uitoefen op die ekonomiese lewe van die inwoners van 'n land. In die ekonomiese kringloop bestaan daar 'n interaksie tussen alle die deelnemers en ons kan sien hoedat hulle gedrag en optrede die ekonomiese sisteem beïnvloed. ✓✓


Maks (2)

INHOUD**Die huishouding ✓✓**

- Huishoudings is primêre besluitnemingseenhede in die ekonomie wat maksimale behoefte bevrediging ten doel het. ✓✓
- Poog om as verbruikers nut te maksimeer met verbruiksbesteding. ✓✓
- Die optrede van huishoudings rig produksie – hul vraag in die ekonomie word deur inkomste bepaal. ✓✓
- Huishoudings is die belangrikste eienaars van produksiefaktore. ✓✓
- Hulle verkoop produksiefaktore aan die sakesektor om goedere en dienste te produseer. ✓✓
- Inruil ontvang hulle inkomste in die vorm van lone vir arbeid / rente vir kapitaal /huur vir natuurbronne en wins vir entrepreneurskap. ✓✓
- Hoe meer produksiefaktore van goeie waarde die huishouding besit, hoe groter is die inkomste wat hulle ontvang. ✓✓
- Huishoudings gebruik die inkomste om goedere en dienste mee aan te skaf ter bevrediging van hul behoeftes. ✓✓
- Huishoudings bestee hul inkomste op: duursame, semi-duursame, nie-duursame goedere en dienste. ✓✓

Maks (6)

VOORBEELD VAN 'N EENVOUDIGE EKONOMIESE KRINGLOOP:



4 Sektore X 1 punt elk
 Binneste vloei-rigting X 1
 Binneste vloei – benoem X 1
 Buitenste vloei-rigting X 1
 Buitenste vloei – benoem X 1

Maks (8)

Die sakesektor ✓✓

- Sakesektor is verantwoordelik vir produksie van goedere en dienste ✓✓
- Sakesektor koop produksiefaktore van huishoudings op faktormark ✓✓
- In ruil ontvang huishoudings 'n inkomste ✓✓
- Sakesektor gaan voort om goedere en dienste te produseer en voorsien aan huishoudings deur goederemark ✓✓
- In bogenoemde vereenvoudigde voorstelling van ekonomiese kringloop toon die binneste vloei geldvloei aan en die buitenste vloei werklike hulpbronne (produksiefaktore en goedere en dienste) ✓✓

Maks (8)

Die owerheid ✓✓

- Die owerheid het verskillende vlakke en departemente van funksionering ✓✓
- Alhoewel die staat se primêre funksie is om 'n stabiele omgewing te verseker, koop die owerheid produksiefaktore van huishoudings op die faktormark ✓✓ en koop goedere en dienste van die besigheidsektor op die goederemark ✓✓
- Die owerheid voorsien huishoudings en sakesektor met goedere soos onderwys, gesondheidsdienste en handhawing van wet en orde – inspuiting genoem ✓✓
- Die owerheid finansier sy aanbod van goedere en dienste deur geld ontvang uit belasting op inkomste en besteding – lekkasie genoem ✓✓

Maks (8)

Die buitelandse sektor ✓✓

- In die werklike wêreld is geen geslote ekonomieë nie – interaksie tussen ekonomieë – ‘global village’ – vloei van goedere en dienste tussen lande ✓✓
- Vloei van tegnologie en inligting – beweging van mense ✓✓
- Suid-Afrika het oop ekonomie – verkoop goedere en dienste aan ander lande bv. Goud – genoem uitvoere ✓✓
- Ons koop ook goedere en dienste van ander lande – moet betaal – invoere ✓✓
- Uitvoere en invoere ook genoem inspuitings en lekkasies ✓✓
- Sodra uitvoere oorskrei – handelsurplus ✓✓

Maks (8)

Die finansiële sektor ✓✓

- Instellings soos banke, versekeringsmaatskappye en Aandelebeurs ✓✓
- Nie direk betrokke by produksie van goedere nie - direkte fondse vanaf surpluseenhede na eenhede met tekorte in ekonomie ✓✓
- Rol van finansiële sektor is om besparings (lekkasie) te neem en dit terug te plaas in ekonomie in vorm van lenings (inspuitings) ✓✓

Maks (6)

GEVOLGTREKKING

- Toon aan hoe verskillende deelnemers (huishoudings, sakesektor, owerheid, buitelandse sektor en finansiële sektor) in interaksie is met mekaar in die ekonomie – en hoe hul gedrag die vloei van inkomste, besteding en produksie in die ekonomie bepaal ✓✓

Maks (2)

VRAAG 8

Bespreek die verskillende tipes markte. Gee jou eie mening oor moontlike oplossings vir die verskynsel (monopolieë), met spesifieke verwysing na die situasie in Suid-Afrika.

INLEIDING

- Markte bestaan uit die interaksie tussen kopers en verkopers. ✓✓
 - Markte kan gedefinieer word as al daardie kopers en verkopers wat die markprys van 'n bepaalde goed of diens beïnvloed. ✓✓
 - Sommige markte het 'n bepaalde plek maar ander markte is bloot 'n toestand van vraag en aanbod. ✓✓
 - Markte kom egter voor 'n verskillende vorme bv. Volmaakte en nie-volmaakte markte. ✓✓
- (Aanvaar enige relevante inleiding) Maks: (3)

INHOUD**Eienskappe / kenmerke en markstrukture**

Die volgende is die vier belangrikste kenmerke waaraan 'n mark uitgeken kan word :

Die aantal produkte ✓✓

- In sommige markte is daar slegs een produsent van die bepaalde goed of diens. ✓✓
 - Byvoorbeeld Eskom, Telkom (monopolieë) ✓✓
 - In ander markte is daar slegs 'n klein aantal produsente wat verantwoordelik is vir die produksie van die goed of diens. ✓✓
Byvoorbeeld. Vodacom, MTN and Cell C (Oligopolieë) ✓✓
 - In sommige van die markte is daar 'n groot aantal produsente wat die bepaalde goed of diens produseer.(volmaakte kompetisie) ✓✓
 - Byvoorbeeld : Die vervaardigers van seep en meliemeel. ✓✓
- Maks: (7)

Die aard van die produk ✓✓

- Die aard van die produk in die geval van 'n monopolie is uniek en word in massa geproduseer. ✓✓ Voorbeeld : Coca-Cola ✓✓
 - In volmaakte kompetisie is goedere homogeen en relatief maklik om te produseer en kompeer tov die verkope van produk. ✓✓
 - Voorbeeld : skoene ✓✓
- Maks : (6)

Hindernisse tot toetrede ✓✓

- In die gevalle van 'n monopolie en oligopolie, is daar hindernisse wat die toetrede tot die mark verhinder. ✓✓ Voorbeeld : Selfone.there ✓✓
- In 'n perfekte mark is dit relatief maklik vir produsente om tot die mark toe te tree. ✓✓ Voorbeeld : Supermarkte, Meubelwinkels. ✓✓

Maks (6)

Die beskikbaarheid van inligting ✓✓

- In perfekte kompetisie bestaan daar volledige markinligting In perfect competition, there is full and complete information oor die toestand van die mark. ✓✓ Voorbeeld : JSE ✓✓
- In die geval van 'n onvolmaakte mark moet die kopers en verkopers besluite naam gegrond op onvolledige kennis van die mark. ✓✓
- Voorbeeld :. Diamantmynbedryf ✓✓

Maks (6)

Volmaakte mark:

- 'n Volmaakte mark is 'n mark waar geen verskaffer instaat is om die aanbod, en uiteindelik die prys van 'n goed of diens te manipuleer nie. ✓✓
- Verskaffers is prysnemers in 'n volmaakte mark. ✓✓

Maks (2)

Vereistes vir 'n volmaakte mark :

- Die teenwoordigheid van 'n groot aantal kopers in die mark ✓✓
- Die teenwoordigheid van 'n groot aantal verskaffers in die mark. ✓✓
- Kopers tree onafhanklik op. ✓✓
- Die goed of diens in die mark is homogeen. ✓✓
- Geen hindernisse bestaan om tot die mark toe te tree nie. ✓✓
- Kopers en verskaffers het volledige markkennis. ✓✓
- Verskaffers is prysnemers. ✓✓
- Geen owerheidsinmenging wat kopers en verkopers gaan beïnvloed bestaan nie. ✓✓
- Alle produksiefaktore is volmaak beweeglik. ✓✓

Maks (10)

Onvolmaakte markte

- Monopolieë en oligopolie is voorbeelde van onvolmaakte markte. ✓✓
- Monopolistiese verskaffers het volkome beheer oor die pryse wat gevra word.
- Hulle word prysmakers genoem. ✓✓

Maks (2)

Vereistes vir onvolmaakte markte

- Daar bestaan slegs een groot verskaffer van die bepaalde goed of diens. ✓✓
 - Die goedere aangebied is uniek. ✓✓
 - Geen verwante substituuat bestaan nie. ✓✓
 - Entry into the market is restricted so that new suppliers cannot enter the market. ✓✓
 - Producers and consumers have insufficient knowledge of market conditions
- Maks (6)

GEVOLGTREKKING

- Verkopers moet goedere besit om te verkoop en die kopers moet geld hê om vir die goed of diens te betaal..
Markte speel 'n fenominale rol in die ekonomie.
Goeie kompetisie hou groot voordeel in vir veral die verbruiker. ✓✓
(Aanvaar enige relevante gevolgtrekking)

Maks (2)

/50/

VRAAG 9

Bespreek die demografiese siklus van Suid-Afrika waarna jy 'n nota skrywe oor die invloed van alle relevante faktore wat 'n invloed uitoefen op die grootte van ons bevolking.

Inleiding :


Demografiste identifiseer 'n demografiese siklus , as'n wetenskaplike analise van die geskiedenis van bevolkingsgroei.

'n Siklus toon verandering in die natuurlike groei oor 'n tydperk.

Is die studie van 'n bevolking insluitende die grootte en verandering oor 'n tydperk.
Maks (2)

Bespreking / Liggaam :

Die volgende verteenwoordig die demografiese siklus van Suid-Afrika :



S = SWARTES K = KLEURLINGE I = INDIERS B = BLANKES

Maks (6)

Die siklus bestaan uit VYF verskillende fases

Fase 1 (statiese fase)

Gedurende hierdie fase is daar geen geboortebepערking en die geboortesyfer is baie hoog.

Die gemeenskap is arm en daar is 'n gebrek an mediese fasiliteite en mediese sorg.

Die sterftesyfer is ook baie hoog en die gemiddelde ouderdom van die bevolking laag.

Dit staan as 'n jong bevolking bekend.

Die natuurlike groeikoers is gedurende hierdie stadium is laag. Maks 3 x 2 (6)

Fase 2 (pre-moderne stadium)

Gedurende hierdie fase word geen geboortebepelkings en gesinsbeplanning be-oefen nie en die geboortesyfer bly hoog.

Aangesien lewensomstandihede verbeter, neem sterftes van moeders en babas af en mense leef tot 'n ouer gemiddelde ouderdom.

Om hierdie redes is die natuurlike groeikoers hoer as gedurende die eerste fase van die siklus.

Die gemiddelde ouderdom van die bevolking begin styg. Maks 3 x 2 (6)

Fase 3 (moderne stadium)

Hierdie fase het twee dele : In die eerste gedeelte styg die inkomste en lewenstandaard vir 'n groot deel van die bevolking.

Dit lei tot maatskaplike ontwikkeling, en die aanvaarding van nuwe waardes deur families veroorsaak 'n daling in geboortes.

'n Daling in sterftes vind egter teen 'n vinniger tempo plaas en verseker dat die natuurlike aanwas koers hoog is.

In die tweede gedeelte van die fase daal die geboortekoers vinniger as die sterftekoers en die natuurlike groeikoers begin daal.

Daar kan aangevoer word dat swartmense in Suid-Afrika in die tweede gedeelte van die fase is. Maks 3 x 2 (6)

Fase 4. (modern-stadiese fase)

Gedurende hierdie fase daal die geboortekoers vinnig.

Mense besef dat hul lewenstandaard aansienlik verhoog kan word indien hulle minder kinders het.

Gesinsbeplanning word algemeen aanvaar deur 'n groter aantal gesinne en die natuurlik bevolkingsgroeikoers daal.

Mediese sorg en dienste word bekostigbaar en die sterftesyfers daal dus ook.

Die kleurlingbevolking in Suid-Afrika is in die eerste gedeelte van die fase.

Die Idiër/Asiatiese bevolking is reeds 'n aantal jare lank in die fase.

Hul sterftekoers is die laagste van al die bevolkingsgroepe, maar hul geboortekoers het nog nie genoegsaam gedaal om hulle in die vyfde fase van die siklus te plaas nie.

Maks 3 x 2 (6)

Fase 5. (Post-stadiese fase)

Gedurende die laaste fase is die natuurlike groeikoers laag en begin dit uitplat.

Die geboorte en sterftekoers is laag.

Die gemiddelde ouderdom van die bevolking styg. Sulke bevolkings staan as ou bevolkings bekend.

Witmense in Suid-Afrika blyk aan die begin van hierdie fase te wees.

Hulle het egter nog nie ten volle in die fase in beweeg nie, aangesien geboortes en sterftes steeds hoog is vergeleke met sommige Europese lande s'n.

Maks 3 x 2 (6)

GEVOLGTREKKING

Die natuurlike groeikoers van 'n bevolking daal gewoonlik wanneer die lewenstandaard van daardie bevolking styg.

Die omgekeerde is ook waar: Die lewenstandaard van mense kan slegs verbeter word indien die natuurlike groei van die bevolking beperk word. Maks (2)

NOTA:

Verwys na die inligting in die vraag :

Die volgende faktore sal 'n invloed uitoefen op die grootte van die bevolking :

- **Migrasie** - Syfers toon dat daar meer mense die land verlaat as wat die land binnekom.
 - Immigrasie – Dui die invloei van mense na 'n land.
Geskoolde arbeid / Trekarbeiders / Onwettige immigrante
 - Emigrasie - Inwoners van Suid-Afrika is vry om te emigreer.
Die wat wel emigreer is hoofsaaklik professionele mense met 'n hoë vlak van tegniese vaardighede. Die verliese aan sulke mense deur emigrasie word "brein-drein" genoem.

- **Natuurlike bevolkingsgroei**
 - Vind plaas wanneer die geboortekoers groter is as die sterftekoers.
 - Sterftekoers
 - HIV/VIGS,
 - lewenstandaard/herverdeling van rykdom/inkomste
 - Geboortekoers
 - Lewenstandaard / tradisie / gesinsbeplanning / vlak van onderwys en opleiding.

Maks (10)

Gebruik die volgende assesserings-rubriek saam met bogenoemde om die kandidaat se nota te assesser :

Kategorieë	Punte
Is die leerder se nota goed gestruktureerd?	2
Is die aanbieding van die nota leesbaar en netjies?	2
Word die onderwerp naamlik die faktore wat die bevolkingsgrootte duidelik in die nota aangespreek.?	2
Het die kandidaat die feite logies aangebied sodat 'n gevolgtrekking gemaak kan word?	2
Was die leerder vaardig met die gebruik van vak terminologie?	2

(10)
[50]

VRAAG 10**In die rekonstruksie van die Suid-Afrikaanse ekonomie na 1994, het die owerheid 'n dominante rol gespeel in menslike hulpbron-ontwikkeling.**

Skryf 'n rapport, oor jou bevindinge oor hierdie onderwerp aan die plaaslike Sakekamer.

VAARDIGHEIDSONTWIKKELING ✓

- INHOUDSOPGAWE ✓✓

- Inleiding

- Bydraes tot vaardigheidsontwikkeling

- Besprekings

- Gevolgtrekkings

- Aanbevelings

Maks (2)

- Inleiding

- Menslike hulpbronne, as 'n produksiefaktor, fokus op die kwaliteit en kwantiteit van arbeid.

- Die kwaliteit van die werksmag hang hoofsaaklik af van die vlak van onderwys en opleiding.

- Die belangrikste faktor wat ontwikkeling in Suid-Afrika beperk, is die gebrek aan vaardighede.

- Na onafhanklikheidswording van SA in 1994, is 'n aantal pogings en strategieë geloods om die probleem van menslike hulpbronontwikkeling aan te spreek.

- Onlangs is 'n aantal nuwe strategieë aangekondig wat die bestaande programme komplimenter in die oplossing van ernstige tekorte aan professionele, tegniese en bestuurskundiges.

Maks (3)

- Pogings tot vaardigheidsontwikkeling ✓

- Onderwys

- (a) Die vraag na arbeid in Suid-Afrika toon 'n duidelike verskuiwing in die rigting van hoër geskoolde arbeid.

- (b) Die owerheid se eerste stap tot herstrukturering van die onderwys was die publikasie van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasiewet nr. (58 van 1995).

- (c) Hierdie wet skep die Suid-Afrikaanse Kwalifiseringsraad (SAQUA).

- (d) Ter verbetering van die kwaliteit onderwys, verenig die owerheid verskillende onderwysdepartemente, in ons land tot een departement.

- (e) In 1998 kondig die Nasionale Departement die nuwe Uitkoms Gebaseerde onderwys aan, wat voldoen aan die huidige behoeftes van die land.

- (f) Dit vereis van leerders die aanleer en toepassing van kennis, ontwikkeling van vaardighede en die verfyning van vereide waardes en ingesteldheid

Maks (8)

- Opleiding

Opleiding beteken die aanleer van 'n bepaalde werk of vaardigheid. Meeste basiese opleiding vind plaas by tegniese kolleges, universiteite en ander plekke wat opleiding verskaf. Maks (4)

(A) Die Vaardigheidsontwikkingswet

Die doelwitte van hierdie Wet is om die kwaliteit van werkslewe vir die werkers te verbeter sodat produktiwiteit in die werksplek verhoog, self-indiensname word aangemoedig, en voorheen benadeelde persone verkry ondervinding. Moedig ondernemers aan om geleenthede te skep vir vakleerlinge om ondervinding op te doen. Maks (6)

(B) 'n Opleidingsmeganisme

Die Departement van Arbeid stig die Nasionale Vaardigheidsowerheid (NSA) Wat gestig is – 25 Sektor Onderwys en Opleiding Owerhede (SETAs). Sommige van hierdie 25 SETAs is: die Banksektor, Konstruksie, Chemiese nywerhede, Onderwys, Opleiding en Ontwikkelingspraktyke Gesondheid en Welsynsektor, Dienstesektor. SETAs is verantwoordelik vir die identifisering van vaardighede en ontwikkeling van planne vir opleiding binne elke sektor. Maks (6)

(C) Opleidingsprogramme

Leerderskappe sluit in tradisionele vakleerlingskap wat werklose mense ondersteun t.o.v. indiensneming en terseldertyd hulle vaardigheidsvlakke en kwalifikasies kan verbeter. Vaardigheidsprogramme is gemik op werkloses, skoolverlaters en KMMOs te ondersteun. Maks (4)

(D) Finansiële vaardigheidsopleiding

Vaardigheidsopleiding gefinansier deur heffings wat deur werkgewers betaal word, bereken op hulle maandelikse salarisse en loonbetalings. Leerders kry die geleentheid om beroepskwalifikasies te verkry wat hoog in aanvraag is in die arbeidsmark. Maks (4)

(E) Gekombineerde Inisiatiewe vir Prioriteits-vaardigheidsverkryging (JIPSA)

Die prioriteit van JIPSA is die ontwikkeling van intermediêre vlak vaardighede, soos bv. tegnisi, ambagsmanne ens.

JIPSA fokus hoofsaaklik op areas waar daar die grootste vaardigheids-behoefte in die land bestaan. Maks (4)

- Gevolgtrekking

Versnelde en Gedeelde Groei Inisiatiewe van Suid-Afrika (ASGISA) en JIPSA wil verseker dat vaardigheidsontwikkeling 'n top prioriteit bly in die agenda van Suid-Afrika.

Die tekort aan vaardighede in ons land kan in 'n groot mate opgelos word deur 'n grootste poging van hierdie strategieë. Maks (2)

- Aanbevelings

Besigheidsorganisasies wat in 'n posisie is om vaardigheidsontwikkelingsprogramme te ondersteun sal deur professionele en siviele organisasies gekonsulteer word om deel te neem aan die proses.

'n Sterk fokus op vaardigheidsontwikkeling in areas waar skaars, kritieke en prioriteitsvaardighede benodig word.

Deur hierdie pogings deur die owerheid en ander organisasies kan ons verseker dat Suid-Afrika sy ware potensiaal sal bereik en as 'n wen-nasie uittree.

Maks (4)

/50/